# FLAFFIE– JACO JACOBS

## *DIE OMSLAG*

*Die omslag van 'n boek is dit wat ons aan die buitekant (voorkant, rugkant en agterkant) van die boek sien. As die omslag ons belangstelling prikkel, sal ons die boekie optel.*

## *DIE TITEL*

*Die titel is die naam van die storie (verhaal).*

***'FLAFFIE'** is die titel van hierdie storie.*

## *KARAKTERS*

*Die karakters is "wie" of "wat" in die storie (verhaal) optree.*

***Rudi**, **Judy** en **Flaffie** is drie belangrike karakters in Flaffie.*

## *TYD*

*Die tyd is "wanneer" die storie (verhaal) plaasvind.*

*Dis was aand en alreeds die tyd van tabletrekenaars.*

## *RUIMTE*

*Die ruimte is "waar" (die plek) waar die storie (verhaal) afspeel.*

*Rudi en Judy se huis.*



# 1 - SOOS KAT EN HOND

1. Soek die Engelse betekenis van die volgende woorde in jou woordeboek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| sakgeld | | bestel | |
| ernstig | | deftige | |
| bakleiery | | volpunte | |
| stiefsussie | | betaal | |
| glimlag | | maklik | |
| kinderoppasser | | kies | |
| grootmense | | klank | |

2. Wat beteken dit as Rudi se ma met haar arms gevou staan?

_______________________________________________

3. Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die bokse.

Judy is Rudi se **3.1**__________________ en dus is Judy se pa Rudi se **3.2**__________________. Judy se pa se naam is **3.3**______________. Rudi en Judy **3.4**_________________ baie en dit maak hulle ouers baie kwaad. Rudi se ma sê hulle gaan nie **3.5**____________________ kry as hulle stout is nie. Megan is die **3.6**____________________ wat na Rudi en Judy kyk wanneer hulle ouers uitgaan. Rudi wil eerder by sy beste vriend, **3.7**_______________ gaan oorslaap.

**baklei** **sakgeld** **stiefpa** **Theo**

**stiefsussie** **kinderoppasser** **Zirk**

4. Skryf elke keer die korrekte letter wat die stelling korrek voltooi in die blokkie.

4.1 Wanneer Rudi se ma en Judy se pa by die huis is, maak Megan altyd of sy ___ is.

A kwaad
B lui
C hartseer
D gaaf

4.2 Oom Theo sê hulle moet ___.

A vir hulle toebroodjies gaan maak.
B winkel toe gaan.
C iets bestel om te eet.
D dadelik hulle huiswerk doen.

5. Waar het oom Theo gesê moet hulle iets bestel om te eet?

6. Wanneer mag hulle tjips en koeldrank eet en drink?

7. Kyk na die illustrasie van Rudi en Judy en hulle kinderoppasser op bladsy 6 en 7 en beantwoord die volgende vrae.

7.1 Hoe weet die leser dat Judy se oë moontlik swak is?

7.2 Watter kleur is Rudi se kouse?

7.3 Watter tipe skoene het Judy aan?

8. Waarheen het die grootmense daardie aand gegaan?

9. Hoe voel Rudi oor oom Theo?

10. Noem drie dinge van Judy waarvan Rudi nie hou nie.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

11. Hoe verander Megan se houding toe hulle ouers weg is?

______________________________________________

12. Maak elke keer ‘n regmerk in die korrekte kolom deur te kyk of die stelling waar of onwaar is.

| **Stelling** | **WAAR** | **ONWAAR** |
|---|---|---|
| *Voorbeeld: Megan is op universiteit.* | | √ |
| 1. Rudi en Judy is in dieselfde klas. | | |
| 2. Megan pas kinders op vir ekstra sakgeld. | | |
| 3. Megan vertel nie hulle ouers hulle baklei nie. | | |
| 4. Megan kyk net TV en lees boeke. | | |
| 5. Judy wil kos op haar selfoon bestel. | | |
| 6. Rudi wil soesji, maar Judy wil pizza bestel. | | |
| 7. Rudi hou nie van rou vis nie. | | |
| 8. Judy sal ook van ‘n burger hou. | | |

13. Rangskik die volgende sinne in die korrekte volgorde. Skryf jou antwoorde in die gegewe blokkies.

A Sy maak Zoep oop.
B ‘n Geel motorfiets lewer jou kos by die huis af.
C Judy tel haar pa se tabletrekenaar op.
D Oom Theo se kredietkaart is gekoppel.
E Kies iets op die skerm.
F Sê hardop wat jy wil eet.





| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| C | | | | | |



# 2 - INTERGALAKTIESE FOEMP

7. Die volgende pizzas het almal iets verkeerd in die beskrywing en is **onwaar**. Trek elke keer 'n streep deur **EEN of TWEE** woorde wat verkeerd is. Kyk mooi na die voorbeeld en doen dan dieselfde.
   **Voorbeeld**: Rudi hou nie van ~~pyn~~appel op pizza nie.

| SPYSKAART | |
|---|---|
| **PIZZA** | **BESTANDDELE** |
| ***MARSMONSTERTJIE*** | Hoender, ertjies, pynappel, tamatie, sampioene, kaas |
| ***GESPIKKELDE KRATERKRUIPER*** | Bloukaas, spinasie, biltong, appel, blaargroente |
| ***SIDDERKNIRT*** | Alles, baie klein |
| ***BLOBBERENDE BRANDBEK*** | Lawa, hout, rissies, steenkool |
| ***INTERGALAKTIESE FOEMP*** | Ham, kaas, salami, suurkomkommer, olywe, sampioene, skoene |

***Sjoe! Hierdie spyskaart lyk baie interessant!***



8. Hoe voel Rudi oor ertjies op pizza?

______________________________________________

9. Hoe voel Judy oor die spyskaart?

______________________________________________

10. Waarom dink Rudi is die woord 'skoene' by die INTERGALAKTIESE FOEMP? Gee twee redes.

______________________________________________

______________________________________________



# 3 - DIENG-DONG


7. Bestudeer die illustrasie op bladsy 16 en vul dan die ontbrekende woorde in.

7.1 Dit is laat in die aand en daar is _______________ in die lug.

7.2 Rudi en Judy staan met hulle hande op hulle _____________.

7.3 Die boks voor die deur is ______________ (kleur).

7.4 Die papier bo-op die boks is _____________ (kleur).



8. Wie was eerste by die voordeur?

______________________________________________________________


9. Hoe kan Rudi en Judy sien wat buite is?

______________________________________________________________

10. Skryf elke keer die letter wat die sin korrek voltooi in die boksie neer.


10.1 Rudi en Judy kon nie die ___ sien wat die pizzas aflewer nie.

A motor
B trapfiets
C trok
D motorfiets



10.2 ___ het eerste die boks in die tuinpaadjie gesien.

A Judy
B Zirk
C Rudi
D Megan



10.3 Daar is 'n prentjie van 'n oranje ___ op die deksel.

A papier
B sirkel
C planeet
D sokkerbal

